

# O E S T Y D

## 2de kwartaal 2011

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbeloofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou.

### FRANKRYK : Corné en Sophie du Plooy met Claire, Thomas en Sébastien

*Uittreksel van die 23 Februarie 2011 nuusbrief wat ontvang is :*

Ons **Kersetel** 12 Des het goed afgeloop. Baie werk gewees. Die afgelope 2 jr berei ons self d ete voor vir d 120 mense wat d ete bywoon. Ongelukkig (soos orals) is daar 'n klein groepie wat d werk doen en d res verkie om net te eet. Ons moes 12 kalkoene gaar maak – verdeel tussen ses persone (insluitende ons).

**Januariemaand** is altyd vol dinge: Gebedsweek vd Evangeliese Alliansie (2 interkerklike byeenkomste was by ons gereel) en d Gebedsweek vir d eenheid onder d Christene (interkonfessioneel – protestant- kato-ortodoks) met verskeie byeenkomste gedurende d week (met 'n gebedsaanbieding op d Christelike - katolieke radiostasie waaraan ek deelgeneem het vir d 3de keer).

Saterdag 22 Januarie was ek in Nîmes vir d **Kommissie v Teologie**, en Saterdag 29 Januarie in Aix-en-Provence vir die vergadering vd **Teologiese Fakulteit** (nuwe naam: Fakulteit Jean Calvin) : 7-uur vergadering et 760 km per motor. Ons moes verneem dat d prof v Praktiese Teologie die 1 April 2011 die Fakulteit verlaat en terugkeer na Switzerland. Proff Pierre Berthoud en Paul Wells, wat verlede jaar afgetree het en gratis hulle dienste tot Julie 2012 aanbied, verlaat ook d Fakulteit. Hulle soek ernstig personeel om hierdie poste te vul. Dit wat dit moeilik maak, is dat d persoon met sy eie financiering moet kom en verskeie dissiplines moet doseer.

Ons begin in Sept 2011 met 'n driejaar **beradingsopleidingskursus**. Die 8ste Februarie het ons 'n algemene inligtingsaand gehad. Ons groot projek is die organisasie vd **Algemene Sinode** 11-13 Maart. Die huisvesting en etes vd +-50 dien is nogal 'n kopseer. Bid asb daarvoor.

**Herstelwerk kerkgebou en pastorie:** Vrydagavond (18 Februarie) het die kerksraad 'n begroting van 8000€ vir 2011 en 8000€ vir 2012 vir herstelwerk aan die kerk en pastorie goedgekeur. Dit moet egter deur die Algemene jaarvergadering 27 Maart finaal goedgekeur word. Dit sluit hoofsaaklik deure en vensters in wat met double glazing vervang moet word. Ons kry 'n bietjie koud. In my kantoor bv moet ek vanaf Nov tot Mrt/April met die shutters toe werk, weens slegte isolasie van vensters. Die fondse moet egter hiervoor gevind word, aangesien dit glad nie vanuit ons normale begroting gefinansier kan word nie.

Bid vir **Sophie**. Bid ook vir hulp – selfs plaaslik vir iemand wat kan help vir 'n paar uur op 'n slag, veral wanneer ek nie hier kan wees nie. 'n Babysitter kos ongeveer 5-8€/uur. Met die kinders gaan dit goed. Dit was en is vir ons nogal 'n ervaring om te sien hoe Claire (6 jr) voor Kersfees al begin lees het.

Die **Franse Protestantse Federasie** het sy kommer uitgespreek dat godsdiens in die algemeen al hoe meer en doelbewus uit die samelewings gedwing word en dit terwyl daar 'n hernude belangstelling in die spirituele (in sy breedste sin verstaan) is.

**Evangelisasie:** Daar word twee groot projekte in Mei en Junie beplan: **27 Mei** 'n Kaas en Wyn-aand in samewerking met Agapé Campus.

En dan die verspreiding van die 15000 traktaatjies saam met 'n groep Suid-Afrikaners olv Johan Bloemhof 17-22 Junie en dan sal ons 'n konsert die 25 Junie hou. Alhoewel hierdie projekte in beginsel deur die kerksraad goedgekeur is, is daar teenkanting teen die kostes: 1200€ (min of meer) - bv. 500€ vir die koeverte waarbinne die traktaatjies gesit moet word. Bid asb hiervoor. Dit is opvallend dat dit maklik is om te praat en te preek oor getuenis en uitreike en te bid vir bekering van mense, maar wanneer dit gedoen moet word, is daar allerhande besware.

\*\*\*\*\*

Uiteindelik is die kleine Lucie (Amélie Céline) 7 Maart om 7h32 gebore. Sy het 3,325kg geweeg en was 48cm lank.

Dit gaan goed met almal. Sy slaap darem nie te sleg nie, maar die ander drie se slaapgewoontes het 'n bietjie verander.

## ALTA GLAS skryf uit KAMBODJA

Nuusbrief: Maart 2011

In die brief wil ek graag met julle deel oor ons Veritas-Kambodja-span se Suid-Afrika besoek. Sok, Saran en Tharoath was hier vanaf 25 Januarie tot 11 Maart

### *Eerste keer uit die land en in 'n vliegtuig*

Dit was Sok, Saran en Tharoath se eerste keer wat hulle buite Kambodja sou wees en ook hul eerste vlug ooit. Al drie was erg opgewonde om SA te besoek. Op pad lughawe toe was ons 'n bus vol mense; familie en vriende moes die geleentheid saam ervaar.

Die aankoms in SA was 'n riller. Ons was baie swak behandel in die lughawe. Ek was in trane en die Khmer het die lughawegebou uit gestap met vrees vir swart mense – die ouens wat hulle wou intimideer het dit reg gekry. Dankie aan julle wie heelmaking gebring het deur gebede, 'counsel' en skouer skuur. Dankie dat julle gewys het dat jy wat in Christus lewe anders is. Hulle lughawe ervaring met die terugvlug was goed – omdat ek nie saam met hulle sou wees nie, het ek by die lugredery vir 'assistance' gereël, hulle was soos stukkies goud behandel.

Dankie ... dankie

Dankie vir elke individu en gemeente wat ons span se tyd in SA spesiaal gemaak het – vanaf Gauteng tot in die Kaap. Julle het harte oopgemaak en geluister wat ons gesê en gedeel het, vergaderings en byeenkomste gereël... Dankie dat ons vir 'n moment in tyd by julle kon stilstaan; julle het 'n verskil in ons lewens gemaak – ek bid dat ons ook vir julle 'n seën was. Ons as span het julle elkeen as 'amazing' ervaar

Die fondse wat ons ontvang het vir ons SA besoek was genoeg. Ek is ongelooflik dankbaar dat ek ook geld kon oorplaas na Veritas Kambodja (R6 454) en vir Bybels (R3 300). Dankie vir elke sent wat ons ontvang het, jy/julle het 'n verskil gemaak.

### *DOELWIT BEREIK ... of nie?*

VCCam span se doelwit met SA-promosie veldtog – om kontak te maak, bewusmaking van die bediening, te deel oor VCCam en fondsverwing. Ons het die voorreg gehad om in baie gemeentes oor ons bediening te kon deel. Ons was regtig orals baie goed ontvang. Sekere individuele beloftes is gemaak en die pamphlette met die informasie is gevat.

'n Ruk terug is vir my gesê "Jou bediening sal nie die gemeentelede se harte aanraak nie, dit is nie geïntegreer met 'n 'mercy' bediening nie." Dié aanmerking is 'n hartseer realiteit vir my en baie sendelinge op die veld; daar is min fondse beskikbaar wanneer dit net gaan oor die bediening van die Bybel. Khmer Christen leiers smag daarna om God se Woord te kan leer ken en om in die Waarheid

geanker te word. VCCam se ‘track record’ wys dat ons daar is waar God besig is. Sonder gereelde fondse is ons erg beperk in dit wat ons kan doen. Is die verspreiding van die Evangelie / die Waarheid nog belangrik vir God se kinders? Ons durf nie net by genade bedienings stil staan nie. Die Khmer (1ste generasie Christene) word mislei deur sektes se dwaal leringe wat Jesus uitroep en nie dié Bybelse Jesus verkondig nie! Kom staan saam, maak dit vir ons moontlik om Khmer Christenleiers te anker in die Waarheid van God, sodat hulle dit weer kan toevertrou aan ander betroubare Khmer manne en vroue (2 Tim 2:2).

*ELKEEN SE SA ERVARING/NG:* Dit was ‘n amazing ervaring om deur die Khmer se oë Suid Afrika te ervaar. Hulle het gesê alles is groter .... die honde, katte, huise, mense. Sok het selfs besproeiings toerusting gekoop – hy gaan ‘n tuin in die ‘village’ begin!

**Sok Chan:** I want to share about my feeling. It was my first time out of my country. I was scared in the plane because I lost my hearing. At that time I pray many times and I started to remember one verse in Isaiah 41:13 “Do not be afraid I will help you...” And I started to open the window little by little, then I saw the wonderful landscape I was excited, I took photos to remember it. When I sat in car I was interesting about the big road and all the bridges as well. Especially all the drivers in the road they respect the traffic light and each other as well. I was also interesting about zoo because I saw many animals that I have seen just in TV such as lion, zebra, rhinos, giraffes, tiger etc.. I want to thank God for everyone in SA who prepares me to visit SA country.

**Saran Rim:** South Africa is very friendly place the people are very friendly and gentle. I was very surprised with a lot of things in the city. The road is very big, the building is very nice and beautiful gardens at everyone’s house. The South African’s food is quite different from Cambodian food, in Cambodia people eat much more soup but not in S.A. I like eating Buorevorss it is my favorite food and I like drinking Reboois tea most of the time. I like traveling in the night time because I can see the lights of the city it is very beautiful. I also like the mountain and corn farm. Thank you for everybody here that you open the heart for us and thank for everything during we are here. I really enjoy staying and working here and I like the people here. Thank the Lord for these blessings!!! May the Lord bless you all.

**Tharoath Theng:** It was my first time out of my country. I want to share about my feeling when I arrived at the SA airport. I saw a lot of black people. They treated us not well, we are like stranger people. They don’t want to allow us to leave the airport by asking many questions. But we want to thank God that we have teacher Alta who comes with us. I was afraid of black people. I thought that there was no good one among the black people. But when I stayed in SA a few weeks I found that it is different from my thought. There were also many good people among the

black. I think I enjoyed myself in SA because the people I met treated us very well. They supported us everything we need. They brought us to somewhere to see many things like the zoo. I found that there are a lot of poor people in South Africa. But I want to thank God that He sent people in the church to give them food every week. Finally I want to share about what I learn in SA. I learn how to become a real servant of God is to serve other people because God is a best example for us (Mark 10:45). I will bring what I learn in SA to practice in Cambodia.

**Alta Glas:** Dié besoek in SA was vir my baie-baie besonders. Dit was lekker om bekendes te sien, en om soveel ander te ontmoet. Die mees besonderste gebeurtenis was dat God my, deur middel van al die pratory orals, 'n klein-klein glimps gegee het oor die wonder van Sy hand in ons lewe. Ons Sy werktuig, die Heilige Gees wat deur ons werk, Hy in beheer! 25jaar na Sok se Pol Pot era ervarings stuur God my na sy village om die Woord te verkondig. My ure lange ritte in die bootjie om die Evangelie na Sok se village te neem was deel van God se plan. Sok kon HOOR, Christus aanneem, heling kry en vergewe. Nou is Sok die werktuig in God se hand en lei hy mense na God. Mag Sy Naam meer en meer deur jou en my verheerlik word.

#### 11 Mei 2010

Die eerste 2 weke terug was 'n ongelooflike challenge. Maar nou juig, jubel en dans my hart weer. Dit is vir my altyd 'n baie spesiale besef/ervaring dat om in Kambodja te wees vir my soveel vreugde kan gee ten spyte van challenges.

#### Terug keer

In my kombuis was ongeveer 5 kg rys vanaf Saran se ma – vars geoes, nie te veel 'skoongemaak' sodat al die fibre verlore gaan nie, net soos ek daarvan hou! 'n Bos blomme en 'n bak mangoes in my kamer ... wat 'n fees

#### Nuwe huis

Dankie vir julle gebede, ek het letterlik die eerste dag wat ek terug was 'n plek gekry in die omgewing waar ek graag wil bly. Ek het glad nie tyd ingeruim vir jetlag etc nie, net begin soek na 'n blyplek - 3ure na my aankoms in Kh. Alles is feitlik Op hulle plek. Ek is ook bevoorreg om 'n nuwe wasmasjien te kon koop – Marinda het my gebless.

Die regering is regtig besig om die bande nouer te trek – ek moes 'n cv gee vir al die jare wat ek in Kh is om die huis te kon huur.

#### Ek wou weg hardloop

Ek het oorweldig gevoel met al die deurmekaargeid (trekkery) en al die werk in die kantoor, dit het gevoel ek wou in my spore terugdraai na SA. Om alles te kroon staan ek een oggend op met Amoebiases en het vir die eerste keer wat ek in Kh is

nie tyd gehad om myself te behandel nie. Dit het veroorsaak dat ek 24uur in die hospitaal moes deurbring vir binneaarse antibiotica en anner goete. Ek het nie tyd vir siek wees beplan nie en dit was 'n erge frustrasie. Nou is ek egter weer okay.

### Kar

My kar het altyd probleme wanneer ek terug kom. Met die dat die voorste bande vervang is het die (L) wiel teen die body geskuur, as ek links draai. Die bande is bietjie groter as die oues, die kleineres nie meer beskikbaar. Dit kom toe uit dat die kar in 'n ongeluk was voordat ek dit gekoop het en dat die vlerk wat vanaf die as uitloop nie ordentlik herstel is nie, die body se wiel spasie links was baie minder as aan regterkant was. Die kar se body moes toe gerek word sodat die wiel lekker kan inpas – ek het liewers gaan inkopies doen as om na die petalje te staan en kyk. Die kar kan nou weer behoorlik draai maar ... nou wil die voorste bumper afval en daar is 'n olie lek hmmmmmmmmmmmmmmmm.

Intussen het my sleutel ook in die ignition af gebreek en sit ek nou met 2 stukke sleutel. Die sleutel kan nie mooi vervang word nie omdat dit saam met die spesifieke alarm in my kar gekom het. Die hele alarm sisteem moet vervang word voordat ek weer 'n ordentlike sleutel kan kry ...

O wee .... gee my 'n gap!!!!

Ek het feitlik net geland toe 2 persone na my kyk vir geld om hulle probleme op te los. Thyda-hulle moes hulle stukkie grond en huisie teen 'n appel en 'n ui aan 'n besigheid verkoop – almal om hulle het al verkoop, hulle het probeer vashou maar moes ook op die oue end ingee. Nou moet hulle stad toe kom. sukkel altyd, hy het sommer direk gevra dat ek hom vir 2mnd in diens moet neem sodat hy weer op sy bene kan kom. Ek het gesê ek kan nie, maar het toe so skuldig gevoel dat ek hom later gekontak het en gesê het ek sal help. Ek weet hy kom uit 'n baie arm familie, het nie salaris etc nie – ek ervaar dat die cycle van poverty ongelooflik moeilik is om te breek. MAAR dit maak my soms so moedeloos as mense na my kyk om te help – dit voel asof ek wil skreeu dat ek nie hulle Voorsiener, die bank of familie is nie. Ek sukkel met balans hoeveel is genoeg, wanneer om nie te gee nie ... Ek gee nie vir ouens wat 'n goeie middelklas salaris ontvang en 'hoër' leef as hulle inkomste nie of dinge aanpak soos om 'n huis te bou voordat die kostes mooi beraam is nie. Ek sukkel met die storie julle – gee en gee create afhanklikheid.

Ander nuus

Gime en Sina

Ek wil amper nie meer vir Gime vra hoe dit met Sina gaan nie – Gime is rou met die realiteit van Sina se verswakking. Einde van die maand sal daar brein sjiruge vanaf Amerika Kambodja toe kom – sy het 'n afspraak. Sonder 'n wonderwerk glo ek nie daar is meer hoop nie.

Gime het goeie Vrydag vir die Here gevra as dit Sy wil is om ook haar kind te laat ‘opstaan’ vanuit die siekte. Hy het egter dieselfde dag erger begin verswak. Al is mens gelowiges bly ‘n geliefde se terminale toestand devastating.

#### Bamboo Shoot

#### Bybels en sangboeke

Ons het nog R5 000 ontvang, dus het ons R8 000. Bybels is aangekoop en ons sien daarna uit om dit uit te gee. Dankie julle.

#### Sok se gemeente en voeding skema ....

Dit gaan goed met Sok se kerk en die voeding skema – hy het my meegedeel dat hy beplan om op een of ander stadium sy werk by Veritas met nog ‘n week te sny – sy kerk is besig om te groei. Ek respekteer dat sy hart is om sy droom vir God uit te leef.

Die haar-cutter wat hy gekoop het het toe nie uitgewerk nie – elektriese krag in village te swak. Het ook nog nie met al die ander goed soos die besproeing begin nie wil eers die land om sy huis lig sodat dit nie met die reen seisoen kan verspoel nie. Die is ‘n stadige proses omdat hy dit doen binne sy finansiële vermoëëns.

#### VCCam

Die span het goed aangegaan terwyl ek weg was. Groepe het weer begin en almal is volstoom. Ons sukkel egter met die hitte. Ons het een vertrek in die kantoor gebou wat ‘n aircon het, ons het besluit om die kamer die kantoor area te maak. Ons was nie regtig produktief nie totdat ons die aircon aangeskakel het - sal dit egter met versigtigheid gebruik die kostes per dag kan tot \$1.5 wees vir dit – dit maak mens moeg nê, alles draai om geld – asb moet nie voel ek skimp of wat ook al nie die is maar realiteite wat ek glo ook julle ervaar.

Die mees belangrikste gebedsversoek is die regerings registrasie. Ek het afspraak gehad by EFC – Sophal. Die aansoek is voltooi behalwe vir die boardmembers. Ons moet 5 boardmembers hê waarvan 3 Khmer moet wees. Die aansoek moet so gou as moontlik ingaan sodat die proses kan begin voor al die nuwe wette in July ingestel word.

Het gister met Ivan ‘n gesprek gehad tov die beplanning en realiteite ek deel dit:

- \* Ons sal begin kyk vir ‘n ander deeltydse personeel lid
- \* Module 3 is erg moeilik om te proeflees, al die poetry etc kom nie ooreen soos dit in die Khmer Bybel is nie.
- \* Ivan gesels en toestemming gevra dat ons eers Mod 4 aanbied sodat die werk kan aangaan. Toestemming gekry en ons begin vandag met die proeflees van Mod 4.

- \* Ek voel oorval met die huidige bedienings ‘vereistes’ .... die is goete wat ek nie kan deligeer nie
  - # Dit is eind finasiele jaar beplanning (Budget & opleiding ) waaraan ons as span saamwerk.
  - # Is besig om ‘First Steps’ aan te pas vir ons konteks sodat ons in die tribal groep hiermee kan begin. Dié ‘module’ is deur ‘n VCI personeel lid saam gestel en hanteer die basics van Christenskap o.a. wie is God.
  - # Ek sal saam met Tharoath werk by die tribal groep – dit is op ‘n baie laer ‘vlak’ as wat hy aan gewoond is.
  - # Proeflees alhoewel my lees skills baie stadig is, is my comprehension/understanding van die taal baie goed. Een van die personeellede lees die Khmer en ek vergelyk dit met die Engels – tel baie-baie foute op. Dus kan ons niks aanbied/gebruik voordat die proeflees proses en rekenaar korigerings aangebring is nie.
  - # Die personeel het gevra dat ons ‘How to interpret the Bible’ vertaal omdat dit hulle baie help. Ons het toestemming gekry. Dit moet ook geproeflees word.
  - # Ek moet nog die personeel se akkreditasie units evalueer.
  - # Ek sal definitief weer taal klasse nodig hê sodat ek Mod 3 en die akkreditasie kan aanbied.
  - # Daar is groepe wat ek saam met die manne moet besoek

Dankie vir julle ondersteuning, gebede omgee en vir julle betrokkenheid by my/ons.

### **Freddie Swart skryf oor MOSAMBIEK – GURUE RADIOBEDIENING**

*Nuusbrief van 17 April 2011*

Die bediening gaan steeds voort met sy normale aktiwiteite soos Allen v/d Merwe (ateljeebestuurder) onlangs berig het. Tydens Allen se besoek aan SA was die aktiwiteite en vordering van die bediening tydens ‘n vergadering in Februarie vanjaar in oënskou geneem en die volgende sake in behandeling geneem.

Die moontlikheid van die uitbreiding van die seinsterkte sal met die gemeenskapsradio se hoofkantoor in Quelimane bespreek word. ‘n Tydskedeule van die bestaande agt en bykomende twee programme vir die jeug sal deur Allen opgestel en deurgegee word. Allen sal ook Transwêreld Radio (TWR) in Mocuba (195km) nader vir moontlike verdere opleiding van die programopstellers. Die soektog na Portugese konkordansies en verklarende Bybels om die programopstellers tot hulp te wees was tot dusver onsuksesvol (kan iemand hier

dalk tot hulp wees?). Vier nuwe kasrekenaars (kompleet met monitors en sleutelborde) is aangekoop om die bestaande toerusting wat probleme gee te vervang.

Die beplanning vir 2011 sluit in:

Die vermeerdering van die bestaande agt programme na tien met die twee jeugprogramme. Verdere addisionele programme gerig op die gesin, man en vrou sal ondersoek word vir implementering. Die moontlikheid om van TWR se programme te bekom, sal deel hiervan wees. Die jaarlikse herdenking van die bediening se ontstaan sal jaarliks op 13 November op gepaste wyse met die besluitnemers in die Gurue gemeenskap gevier word. 'N soortgelyke funksie sal plaaslik gehou word vir ondersteuners van die bediening. Die nuusbriewe sal deur Allen vertaal word in Portugees om beskikbaar te stel aan die Omwiwa Yesu Bestuur sodat hulle kan verstaan hoe die SA been van die bediening funksioneer. Allen is ook versoek om sy betrokkenheid hierdie jaar gaandeweg te verminder sodat die Omwiwa Yesu Bestuur uiteindelik volle verantwoordelikheid sal neem – insluitende inligting vir nuusbriewe. Dit het ten doel om die volhoubaarheid van die bediening te verseker sou Allen om verskeie redes genoodsaak wees om terug te keer na SA. Hierdie "oorgangstydperk" word dan gebruik om tot hulp te wees terwyl hy nog daar is.

Daar is verskeie groepe mense wat beplan om vanjaar Gurue te besoek o.a. vanaf Klerksdorp (25 Junie – 9 Julie) en nog 'n groep vanaf Delmas. Indien verdere inligting benodig word, skakel my asseblief in die verband. Jy kan verseker wees van 'n onvergeetlike ervaring indien jy so 'n besoek sou meemaak. Onthou tog om hierdie bediening voortdurend aan die Here op te dra. Daarsonder is al ons beplanning en finansiële voorsiening nutteloos.

### Ds Leon Tait vertel oor SENDING SONDER GRENSE

Ek is steeds besig om op die Sondae wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, 'n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir kinders/families te werf. Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid.

Ek probeer om elke maand vir 20 kinders in kinderhuise in oud-Russiese en – kommunistiese Oosbloklande borge te kry teen R160 per maand .

Die Here is uiters getrou! Orals waar SSG se werk in gemeentes bekendgemaak word, raak Hy lidmate se harte aan om maar nie net vir hierdie saak te bid nie, maar om ook self kinders te borg. In die eerste 5 maande van 2011 het die Here al borge vir 148 kinders voorsien!! Alle dank en eer aan die Here daarvoor!

Hou asseblief aan om die Here te dank vir sy seën op hierdie bediening, en bly bid vir nuwe afsprake – dat gemeentes bereid sal wees om vir my ‘n preek- en aanbiedingsgeleentheid tydens ‘n oggenddiens te gee.

Hier volg ‘n bietjie inligting oor van die werk wat SSG doen:

#### *Christelike Uitreike*

Ons uiteindelike doel as Christen organisasie is “om mense vir Christus te bereik.” Dit is die draad wat deur elke program en projek in ons bediening loop. Ons begeerte is om Christus se liefde aan mense te toon wanneer ons na hulle in Sy Naam uitreik. Ons dien mense ten spyte van hulle etniese of godsdienstige agtergrond. Alhoewel ons Christelike literatuur aanbied, is dit nie ‘n voorwaarde om bystand te ontvang nie. Dit is Christus wat wanhoop in hoop verander!

Christelike Uitreike vind plaas deur die verspreiding van Bybels en Christelike literatuur aan volwassenes, gesinne en kinders. ’n Bybel word aan elke kind in kinderhuise waar Kinderredding Internasionaal werksaam is, gebied. Wanneer hulle oud genoeg is, word kinders aangemoedig om aan ons Bybelkorrespondensiekursus deel te neem. Meer as 7000 kinders neem op enige gegewe tydstip deel. Verder ondersteun ons plaaslike gemeentes en Christen leiers deur literatuur, Bybelstudies en Sondagskoolklasse vir kinders aan te bied. Ons werk in China is veral belangrik. Hier konsentreer ons ons hulp op die huiskerke wat nog steeds vervolg word. Hierdie huiskerke is spesifiek onder minderhede. Ons verskaf Bybels en ander Christelike literatuur aan hulle.

#### **Navrae aangaande sendelinge**

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy  
Sending Sonder Grense  
Ds Hannes Peens (Limpopo)

Ds Leon Tait  
012-333 2470

Koerde

Cobus de Waal  
082 749 7846

Mosambiek radiostasie  
Allen en Ansie vd Merwe

Japie en Ena le Grange  
012-331 3953

Gebedsketting  
Laudium

Alet Briers  
012-331 1311

Alta Glas

Koenie Goosen  
084 652 8773  
012 333 5325

Sendinggroete in Christus

**Taakspan vir Sending**

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615

Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)